

**20 Julie**

**Onmiddellike oorgawe in diens van God**

**Skrifgedeelte: Genesis 24:1-67 (OAV)**

Toe Abraham oud geword het, het hy begin wonder waar Isak 'n vrou gaan kry. Die Kanaänitiese meisies was nie geskik nie, omdat hulle niks van God geweet het nie. Hulle het afgode gedien. Daarom stuur Abraham sy dienaar na sy familie wat nog in Haran woon om vir Isak 'n vrou te gaan soek. Die dienaar het hierdie delikate taak in volle vertroue op die Here onderneem.

Die Here het hom na Rebekka, die dogter van Betuel, die seun van Abraham se broer Nahor, gelei. Betuel en Laban (Rebekka se broer) gee dadelik toe aan die dienaar se versoek. Abraham se verwagting dat sy familie in Haran nog die leiding van die Here in hulle lewens sal erken, word nie teleurgestel nie. Hulle antwoord: "Van die Here kom die saak" (vs 50 OAV).

Die volgende môre wil die dienaar vertrek, maar Laban en sy ma wil die afskeid nog uitstel. Wat sê Rebekka? Sy is dadelik bereid en gewillig om saam met die dienaar te gaan, want sy is oortuig dat die Here haar roep. Sonder voorwaarde of uitstel gee sy haarself gelowig oor in God se diens.

Dit is die gewillige oorgawe wat Hy van elke gelowige vra. Sy eie Seun het Homself gewillig oorgegee om ons te red. Deur die werk van die Heilige Gees verander Hy ons onwilligheid in gewillige oorgawe. Dit vereis egter dat ons sy roepstem sonder uitstel moet gehoorsaam. Is jy gewillig om sonder uitstel te gehoorsaam aan God se roepstem?

*Sing: Psalm 45:9, 16*

*Ds. AP Krüger (Welkom)*